**Dinsdag 13 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 45:1-28**
**Fokusgedeelte: Genesis 45:45**
**’n Fokus op en verstaan van God se wil bewerk versoening in die gesin**

Ons raak so maklik vasgevang in ons eie wil en begeertes, en dit bring noodwendig mee dat ons ook binne ons gesinslewe in konflik met mekaar beland. Dit blyk baie duidelik uit Josef en sy broers se geskiedenis wat aanleiding gegee het vir die situasie waarin hulle hul hier in Genesis 45 bevind. Hoe meer elkeen sy eie wil afdwing, hoe groter word die onmin.

Wanneer elkeen egter deur selfverloening biddend leer om op God se wil te fokus en te verstaan wat Hy met ons lewe wil doen, dan kan ons onmin en konflik oplos, mekaar vergewe en versoening bewerk. Josef het ná baie lesse in selfverloëning geleer om op God se wil te fokus en ook te begryp wat God se plan met sy lewe was. Omdat Hy God se plan in alles kon raaksien, kon hy sy broers vir hulle optrede vergewe en versoening bewerk.

Paulus skryf aan die Filippense: “Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander”, en ook: “Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was.” Hy beskryf dan hoe Jesus die pad van selfverloëning geloop het om die wil van sy Vader hier op aarde te kom uitoefen sodat ons in vrede met God en met mekaar kan lewe.

Deur Hom aan God se wil te onderwerp, het Jesus vir ons die Heilige Gees verwerf wat ons leer om onsself te verloën. Die Gees lei ons om God se wil te soek en in versoening met mekaar te lewe. Wanneer daar onmin in die gesin kom, moet ons mekaar help om weg van onsself en na God te kyk en te verstaan wat sy wil vir die situasie is.

Bid dat God deur sy Gees elkeen in die gesin sal lei om homself/haarself te verloën en aan God se wil te onderwerp. Reik dan uit na mekaar met Christus se gesindheid om vergifnis en versoening te bewerk. Met God as middelpunt van die gesin se lewe met mekaar, kom daar versoening. Wat ’n wonderlike troos en genade!

*Sing: Skrifberyming 10-1:1, 3*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*